

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

ds. PJ Kriel

Begrafnisdienst vir Annette Hamman

13.01.2107

Inhoud. God gee ons die gawe van lewe en laat ons in alles wat Hy in die lewe oor ons beskik binne sy goedheid en trou leef. Hy gee die gawe van lewe, neem dit en sal ons weer lewend mens laat wees en uit die dood laat opstaan. Op hierdie wyse hou God ons altyd in alles aan Hom diensbaar en word die gawe van lewe nooit vir ons 'n bedreiging wat ons met krag moet antwoord nie. Wie in hierdie geloof diensbaar leef word vir elkeen tot seën. Hierdie preek wys ook hoe 'n ma en vrou in haar diens aan die Here geëer en gewaardeer moet word as opdrag van die Here. Sy moet geprys word vir haar diensbaarheid en haar werke moet haar roem wees.

Skriflesing: Spreuke 31: 1- 31; 1 Samuel 2: 1, 2, 6-9; 2 Tim. 4: 6-8.

Teks: Spreuke 31: 30-31: "... as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word. Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen..."

Tema: God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar.

1. Spreuke 31 is nie 'n ophemeling of verheerliking van 'n vrou nie. Dit kan juis nie volgens die teksinhoud iets soos 'n ophemeling van vrouwees wees nie. Dit gaan in Spreuke 31 oor die erkenning van vrouwees. Erkenning wat 'n diep waardering en eerbied is vir wie 'n vrou vir haar man en kinders is wanneer sy diensbaar aan die Here is.

Daarom is hierdie prys van 'n vrou:

- iets wat haar toekom omdat sy die Here dien.
- die prys van haar as vrou omdat haar werke haar roem is
- erkenning wat haar man, kinders en die gemeenskap aan haar moet gee.

Daarom stel Lemuel, die skrywer van hierdie gedeelte, dat haar man, kinders en die gemeenskap haar moet gee wat haar toekom: die erkenning wat waardering en eerbied is vir wie sy is en wat sy doen in haar diens aan die Here.

Hierdie prysing om erkenning te gee is totaal iets anders as skynheilige ophemeling of verheffing van iemand deur valse beelde op te bou en voor te hou.

2. Dit is die behoefte van u as familie ook vandag het, in u rou dat Annette nie meer vir u en ons as mens daar is nie. Hierdie behoefte wys in elke dankbetuiging oor haar van haar dogter en skoonseun, haar skoonogter en al haar kleinkinders.

Annette verdien om geprys te word vir alles wat sy was en gedoen het as ma, skoonma, ouma en vriendin.

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

Daarom is hierdie prysing ook deel van die oproep en opdrag van Spreuke: gee haar wat haar toekom, laat haar werk haar roem wees.

3. Ons maak baie keer die menswees van mense in die tyd van die Bybel, veral die tyd van die Ou Nabye Ooste in die Ou Testament uit as iets agterliks, bekrompe, onderdrukkend en daarom as iets verwerpliks uit
Dit is gewoonlik uit 'n demokratiese en moderne selfversekerdheid dat ons meer ontwikkel en menslik is as die mense in die tyd van die Bybel.

Dit word al 'n mode om die mans in die Bybel voor te hou as chauvinisties en hul gesag as patriargaal en daarom as onderdrukkend en verkeerd. Daarom is dit al 'n algemene houding om te maak asof die plek van die vrou in die Bybel was om haar stil te gedra en in die kombuis te werk.

4. Die diepe waardering vir 'n vrou se vrouwees in Spreuke 31, maklik 3000 jaar gelede in hierdie gemeenskap wys totaal iets anders. Daar is geen beeld van 'n vrou as die gedienstige, ondergeskikte, karakterlose, willose en gedwee kombuiswerker soos baie dit graag uit die Bybel dit deesdae sal wil voorhou nie.

Die waardering en eerbied wat hier aan die vrou in die huwelik gegee word, is erkenning van

Sakevernuf. Sy is die een wat die waarde van grond eers oorweeg voordat sy, nie haar man dit koop nie. Vers 16.

Sakeondernemingsgees of entrepreneurskap. Sy boer, sy plant die wingerd en sy pak die boerdery met krag aan. Verse 16 en 17.

Besigheidsbestuur. Sy bepaal die wins van haar produk en sy sit laatnag en beplan haar besigheid. Vers 18. Sy skep en bemark. Verse 13, 19 en 24.

Sakeleiding. Vers 26 verwys ook nog na haar sakeondernemings, wanneer sy oor besigheid praat is dit met wysheid en wanneer sy leiding gee, is dit met die tipe liefde wat in vers 13 genoem word dat sy dit geniet om besigheid te doen. Daarom word sy ook geëer vir haar sterk persoonlikheid in vers 25.

In hierdie erkenning wat koning Lemuel van Massa aan sy vrou gee, eer en waardeer hy haar as sakevennoot!

5. Daarom mag ons nie vers 30 verkeerd verstaan nie: "Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie..." Hierdie verklaring is alles behalwe 'n vermaning aan vroue om hulle plek te ken, so asof hierdie 'n vermaning aan vroue sou wees om nie ydel te wees oor hulle skoonheid nie.

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

Hierdie vermaning is 'n vermaning wat koning Lemuel aan homself as mens en daarom eintlik aan alle mens rig: van hierdie vrou wat sy vennoot en sakevrou in haar eie reg is, kan hy nie 'n seksobjek maak nie.

Sy bewondering vir haar (vers 28) is nie seksuele fantasieë nie, maar die eerbied en waardering vir die krag waarmee sy haarself laat geld in besigheid en met haar huishouding.

Sy dwing net waardering en eerbied by hom af as sakevrou in haar eie reg. Dit terwyl sy nog steeds tuisteskepper is!

Sy staan op wanneer dit nog donker is om kos te maak, sy maak haar en die kinders se eie klere, sy versorg hulle in die winter en sy bestuur en versorg nog ook die bediendes wat vir haar werk.

Daarom is dit geen leë aanprysings of valse ophemeling van haar as mens nie, soos hierdie erkenning baie keer al sinies en bespotlik gemaak word met die dankbetuigings by begrafnisse nie.

Dit is net om soos die Woord van god vereis haar te gee wat haar toekom: die erkenning wat haar toekom uit eerbied en waardering omdat haar werk haar roem is.

Wanneer ons Annette in rou oor die verlies van haar in ons lewens prys vir wie en wat sy vir ons was, dan is dit omdat ons dit moet doen. Haar werke in diens van die Here as ma, skoonma, ouma en vriendin is haar roem:

sakevrou en tuisteskepper!

6. In Spreuke 31 kry ons die waardering van 'n man en kinders vir hul vrou en ma.

In 1 Samuel 2 kry ons die binnekant van 'n vrou oor haar self en haar kind se lewe. Hier kry ons die hart van 'n vrou wat voor die uitdaging om teenoor die Here diensbaar te leef!

Wanneer sy as ma Samuel as baba op haar skoot vashou, weet sy as ma en ouma in wording –

- Sy kan arm word en in armoede sal sy dan hierdie kind moet versorg.
- Sy kan onaansienlik raak in plig om hierdie kind te versorg word en uit die openbare oog verdwyn,
- Sy kan doodgaan en dan sal hierdie kind as weeskind moet grootword of hy kan doodgaan en dan sal sy in lewenslange rou hom beween.

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

Dit is alles opgesom in haar loflied oor wat die Here oor sy dienaars se lewens beskik.

Die eerste soeke in hierdie dreigende moontlikhede is die vraag waar 'n vrou sal krag kry om deur al hierdie dinge te gaan.

Hierdie soeke na krag kom uit die gevoel dat die lewe jou en jou kinders kan oorweldig.

- Oorweldig deur armoede!
- Oorweldig deur die eersug en magsug van mense!
- Oorweldig deur die mag van die dood!

Dit is juis die verrassende in haar gebed! Sy bid nie vir krag teen die dreigende oorweldiging van die lewe nie! Sy soek nie by God krag vir alles wat na dreigende gevare lyk nie.

'n Mens sou verwag het sy sou bid dat die Here haar krag moet gee om al hierdie dreigende gevare en geweld teen haar en haar kind te kan oorwin in die naam van God. Ironies, sou so 'n tipe gebed eintlik dan ook niks anders gewees het nie as 'n gebed om met eie krag, nou net wat God gee, die geweld in die wêreld teen haar en haar kind te kan oorwin.

7. Die verrassing in hierdie gebed van 'n vrou wat sopas geboorte gegee en ma geword het, is die verklaring wat sy oor armoede en rykdom, oor eer en vernedering oor aansien en onopsigtelikheid, oor lewe en dood maak.

Sy maak die verklaring dat niks in haar of haar kind se lewe hulle sal oorweldig nie. Sy verklaar in haar geloofsbelydenis oor hoe God God is, haar en haar kind nooit in 'n posisie sal plaas om oorweldig te word deur die lewe nie. Sy verklaar dat sy nie die geweld om haar en teen haar sien as die krag wat die verloop en uitkoms van haar en haar kind se lewe bepaal nie.

Die geweld van mense se gierigheid en armoede, die geweld van eersug en die stryd om posisies in die lewe en die gewels van die dood is nie wat haar en haar kind se lewe en lewenspad sal bepaal nie.

Sy verklaar: "Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad" vers 9

Nie mense en die geweld van die lewe nie, maar God self beskik, bestuur jou armoede of rykdom, jou aansien of onopsigtelikheid, jou lewe en jou dood! Daarom is sy en haar kind in alles wat in die lewe met hulle gebeur in die wil en binne die sorg van die Here.

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

Die besondere van hierdie geloofsbelydenis is ook die vertrouwe in Hom in lewe en dood. Hy gee lewe as Here en wanneer ons doodgaan is Hy die Here wat ons dood laat gaan. Hy is die Here wat ons in die doderyk invat maar daarom ook die Here wat ons uit die doderyk uitvat waarin Hy ons ingevat het.

8. God se krag en liefde om ons as mense lewend uit die dood te laat opstaan is nie iets wat Jesus vir ons die eerste keer het oor God kom openbaar met sy koms as mens na die aarde toe nie.

God het Hom nog altyd so aan sy volk geopenbaar: Hy sorg vir sy dienaars in lewe en sterwe, maar meer as dit, Hy laat sy dienaars nooit in die dood en doderyk bly nie. Dit is hoe Hanna dit al bely in haar gebed:

“Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom.”

Hierdie geloof is nie gegrond in een of ander opvatting oor die onsterflikheid van die mens se siel nie. Dit gaan oor hoe God God is. Hy is altyd goed en versorgend Here vir en oor sy dienaars. Geen mag of krag is buite sy beskikking nie, omdat Hy arm en ryk maak, eer en mag gee of dit wegneem, is Hy God van lewe en dood en is die doderyk nie 'n plek wat sy dienaars inperk of van Hom vervreem nie.

Christus het die opstanding van die dooies deur sy opstanding uit die dood vervul, nie vir die eerste keer aangekondig nie. Deur sy dood en opstanding uit die dood om weer mens te wees vir die Vader, het Hy die opstanding uit die dood waarvoor God se kerk Hom nog altyd vertrou het, 'n werklikheid gemaak.

9. Daarom moet 'n mens weet wat is die waarheid van die lewe wat God as gawe aan sy dienaars gee.

'n Mens kan maklik jou misgis as jy na Hanna en haar klein babaseuntjie kyk en hulle koester as 'n weerlose ma en kind teen die geweld van die lewe. Dan is hulle mense wat die krag moet vind of met krag teen die geweld van die lewe beskerm moet word.

Dit is egter nie die werklikheid en waarheid van Hanna en Samuel nie.

Hulle is binne die sorg en beskikking van God hulle Here wat die lewe as gawe aan hulle gee en alles in hulle lewe sal gee en beskik op so wyse dat hulle sy dienaars sal wees.

Wanneer Hy die dood beskik sal Hy self hulle ook weer uit die dood as mense laat opstaan om met Hom te leef.

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

Samuel en sy ma was nie hierdie weerlose mensies teen die geweld van die lewe nie. Samuel het die profeet geword wat Israel gehelp het om oor te gaan van 'n stamfederasie na 'n nuwe staatkundige bedeling van 'n nasie met 'n koning op so wyse dat hulle nie net nog 'n heidennasie soos al die ander heidennasies geword het nie.

Daarom kon Hanna in die geloof leef dat sy as ma en ouma diensbaar kan leef binne al die seëninge en verliese van die lewe met die wete dat sy en haar kind ook so daar sal deurgaen: binne God se goedheid en getrouheid wat hulle in alles diensbaar en vir Hom behoue sal laat bly.

Hoe kan 'n vrou so diensbaar aan God leef soos sy in Spreuke 31 voor waardeer en eerbiedig word?

In die werklikheid en geloof dat God alles in die lewe beskik, die lewe wat altyd 'n gawe van Hom is, en Hy sy dienaars gebruik en behoue laat by. Binne hierdie werklikheid en geloof, kan jy diensbaar bly.

10. Wat is oorwinning in die lewe?

As ons na Annette en haar lewe kyk, wat is oorwinning?

Oorwinning is nie om deur jou eie krag die oormag en geweld in die lewe te oorwin nie. Annette was nie so mens, kragdadig in wat sy is en doen nie.

Oorwinning is ook nie om met die krag wat God jou gee, die wêreld aan te vat ter wille van jou en jou kinders nie. Annette het nie hierdie kragdadige geestelikheid gehad of beoefen nie.

In die woord van Hanna, sy het nie met krag die lewe oorwin nie!

Wat oorwinning is stel Paulus in 2 Timoteus op 'n baie treffende wyse so: Ek word as drankoffer uitgegiet. Hy sit in die tronk omdat hy 'n predikant is wat die evangelie verkondig en hy gaan met 'n swaard dood gemaak word omdat die keiser Christene die sondebokke van sy geweld en magsug gemaak het. Inmenslike taal en opvatting gaan hy 'n geweld slagoffer word.

Hy verklaar nie dat hy 'n geweld slagoffer is en bid God om krag om hierdie geweld te oorwin nie. Hy maak blymoedig die belydenis dat hy en wat met hom gaan gebeur 'n drankoffer is wat god self in sy diens as God uitgiet.

Die oorwinning is nie om met kragdadigheid die lewe te oorwin en aan jou te onderwerp nie, maar om tot die einde te volhard om dienaar van die Here te bly, in die geloof dat lewe en dood, armoede en rykdom, mag en onmag, eer en oneer, is

God laat ons nooit deur die lewe oorweldig word nie. Hy gee dit as gawe en daarom bly ons diensbaar

alles in sy hande en Hy sal dit so beskik dat Hy as Here in en deur alles vir ons sy dienaars goed is en goed bly.

Wie in hierdie geloof in sy diensbaarheid aan God tot die einde volhard, het oorwin.

11. U as familie kan in hierdie geloof binne u rou en smart van Annette afskeid neem. Dit is wie en wat sy was tot die einde: iemand wat as ma en ouma in diensbaarheid volhard het.

Daarom mag u en met u ook haar in u herinneringe die eer gee wat haar toekom: sy verdien om geprys te word vir hoe sy diensbaar geleef het. Kom ons gee haar as kinders en kleinkinders altyd wat haar toekom – laat haar werke haar roem wees.

Ons as gemeenskap moet ook in hierdie oorwinning gaan leef en sterf! Ons eie lewe is geen magstryd teen die oorweldiging van die lewe nie. Die lewe is nie 'n bedreiging nie. Dit is 'n gawe van ons Here.

Ons leef nie binne die wisselvalligheid van bedreigende magte nie, alles is uit die hand van ons Vader en Hy sal ons in alles vir Hom en sy diens behoue laat bly, ook in en deur die dood heen.

Niks wie ons is en wat ons vir die Here doen is ooit vir God verlore nie. Daarom kan ons tot die einde volhard in ons diensbaarheid. Dit is ons oorwinning. Die lewe is geen magstryd wat ons met krag moet antwoord en onderwerp nie. Dit is 'n gawe van god sodat ons in sy liefde en diens kan leef.